

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

LES 11: WAT BETREF DIE OFFERVLEIS AAN DIE AFGODE

Inleiding

1. YHVH is die Oppergesag. Hy is die hoogste gesag in die hemel, sowel as op die aarde. Daar is geen hoër gesag nie. Al YHVH se wette (Sy Torah) is in belang van die mens en daar is nie een selfsugtige stukkie wetgewing in die Skrifte (Bybel) nie. Vader-God is 'n liefdevolle en betroubare wetgewer.

Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf. Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel? Jak. 4:12

*Want YHVH is ons Regter, YHVH is ons Aanvoerder, YHVH is ons Koning:
Hy sal ons verlos. Jes. 33:22*

2. YHVH besit die monopolie op wetgewing. Hy het die finale beslissing oor wat afgesonder (heilig) en wat onafgesonder (onheilig) is, en wat rein en wat onrein is, en wat reg en wat verkeerd is. Enige mens, of wetgewer, wat teenstrydig met YHVH se wette en voorskrifte wetgewing maak, is besig om YHVH se oppergesag te ondermyn en om homself bokant YHVH die Almagtige God te verhef.
3. Enige wetgewing het ten doel om 'n beslissing te maak van wat reg en verkeerd is. Wetgewing is dus die maatstaf wat gebruik word om te oordeel, naamlik 'n beslissing te maak, of 'n besluit te neem, tussen reg en verkeerd. Die mens wat wetgewing maak wat strydig met YHVH se wette is, is besig om kwaad te spreek van YHVH se wet en dit te oordeel (Jak. 4:11). Dit is om die gesag van mense bokant die gesag van YHVH te stel. Diegene wat YHVH se wet (Torah) oordeel is nie 'n dader van die wet nie, maar tree op as 'n regter. Onthou: Daar is net een ware Wetgewer en een ware Regter (Jes. 33:22; Jak. 4:12) en Sy Naam is YHVH die Almagtige.

4. Ons moet daders van die wet wees en nie oordeelaars daarvan nie. Indien ons YHVH se wet (Torah, Woord) hoor en dit nie doen nie, bedrieg ons, onself (Jak. 1:22). Dit is nie vir ons om te oordeel of YHVH se wette reg en regverdig is nie. Dit is vir ons om te glo dat YHVH ons belange op Sy Vaderhart dra en daarom is Sy wette (Torah) vir ons eie welsyn. Torah is YHVH se praktiese handleiding vir ons lewe hier op aarde. Die mens wat Torah onderhou, naamlik nougeset daarvolgens leef, sal daarom welgeluksalig wees, naamlik voorspoedig in alles wees wat hy doen (Ps. 1:1 tot 3; Jos. 1:7 en 8).
5. YHVH, ons Vader se voedselwette moet in die lig van bogenoemde gesien word. Ons kan nie ons eie voedselwette daar stel nie, want dan spreek ons kwaad van YHVH se wet en oordeel ons die Almagtige se beslissings. Daar is slegs een ware God en daarom kan daar slegs een standaard wees van afgesonder en onafgesonder, en van rein en onrein en van reg en verkeerd. Dit wat YHVH onrein verklaar het, sal onrein wees! YHVH het sekere voedsel onrein verklaar! Hierdie is die beslissing van 'n liefdevolle God en Vader en ons het geen reg om Sy beslissings ter syde te stel en met ons eie te vervang nie.
6. Dit is ook in die lig van bogenoemde wat ons Paulus se woorde in 1 Korinthiërs hoofstukke 8 en 10 betreffende die offervleis aan afgode moet ondersoek en verklaar. Die vraag of gelowiges vleis mag eet waarvan 'n deel aan afgode geoffer was, was in Paulus se tyd 'n geskilpunt. In die verband moet ons ook vra of die vleis waarna verwys was alle soorte vleis ingesluit het en of dit net na vleis van rein diere verwys het?

DIE GEWETE VERSUS TORAH

1. Die stad van Korinthe het 'n tipiese Griekse kultuur gehad en afgodery was prominent met sowat 12 afgode tempels waar verskillende Griekse afgode aanbid was. Die bekendste was die tempel van Aphrodiete, die godin van liefde, waar godsdienstige prostitusie beoefen was. Diere was ook by hierdie tempels geoffer.
2. In Paulus se tyd was die vleis wat aan afgode geoffer was dikwels ook op die markte te koop aangebied. Die koop en eet van sulke vleis het 'n twispunt geword omrede daar nie spesifiek in die wet (Torah) hierna verwys word nie. Sommige gelowiges was egter van mening dat om vleis te eet wat aan afgode geoffer was, was om deel te hê aan afgodery. Vir ander was dit egter nie 'n probleem nie.
3. Torah is baie duidelik dat slegs die vleis van rein diere geëet mag word en beide Jood en nie-Jood het dit geweet, hoewel laasgenoemde nie noodwendig daarvolgens geleef het nie. Hierdie punt is reeds in vorige lesse van hierdie studie bespreek. In 1 Kor. 8 en 10 gaan dit dus nie oor die eet van vleis van rein of onrein diere nie, maar oor die eet van vleis wat aan afgode geoffer was.

4. Die vraag oor die eet van vleis wat aan afgode geoffer was sou dus uiteraard komend van rein diere gewees het. Ons lees in Hand. 14:13 dat die priester van die afgod Jupiter stiere (beeste) gebring het wat hy wou offer. Om ondermeer rein diere te offer was dus ook die gebruik van die wat afgode aanbid het. Volgens hierdie teksvers het ons goeie rede om te aanvaar dat daar ook die vleis van rein diere, wat aan afgode geoffer was, op die openbare markte te koop aangebied was.
5. Aangesien Torah nie duidelike uitsluiting gee oor die eet van vleis wat aan afgode geoffer was nie, het hierdie nou vir elkeen 'n gewetenssaak geword. Wanneer 'n persoon 'n besluit neem ('n beslissing maak) volgens sy gewete dan is kennis en die wyse wat die kennis toegepas word ter sprake. Dit is ten opsigte van kennis wat Paulus ons vermaan, want kennis het 'n geneigdheid tot hoogmoedigheid (1 Kor. 8:1). Kennis wat sonder liefde toegepas word is ydele kennis, want dit is kennis wat selfverheerlikend is.
6. Die kennis dat 'n afgod niks in hierdie wêreld is nie, want daar is slegs een ware God (1 Kor. 8:4), is kennis wat diegene wat oor die geestelike insae daarvan beskik, in liefde moet toepas.

Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een. Want al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is – soos daar baie gode en baie here is – tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Meester, Yeshua Messias, deur wie alles is, en ons deur Hom. 1 Kor. 8:4 tot 6

7. Alle gelowiges het egter nog nie die volle geestelike insae (openbaring) hiervan nie (1 Kor. 8:7). Indien sulke mense vleis eet wat aan afgode geoffer was, word hulle gewete besoedel, want hulle gewete is swak. Hulle is van mening dat hulle teen Yeshua sondig deur deel aan afgodery te hê.
8. Hoewel Paulus bevestig dat voedsel ons nie nader aan YHWH bring nie, en sommige dit weet, waarsku hy dat hierdie vryheid weens kennis 'n struikelblok kan word vir diegene met 'n swak gewete (1 Kor. 8:8 en 9). Die rede is dat wanneer die een met 'n swak gewete vir jou, wat die kennis het, sien vleis eet wat aan afgode geoffer was, kan hy aangemoedig word om ook daarvan te eet, terwyl hy steeds glo dat dit afgodery is.
9. Op dié wyse word sy gewete afgestomp en die gevolg hiervan kan wees dat so 'n persoon afgestomp vir sonde kan word. Sodoende kan dit gebeur dat *die swakke broeder vir wie Yeshua gesterf het, verlore gaan deur jou kennis* (1 Kor. 8:11). Dit beteken in werklikheid dat jy teen so 'n

broeder sondig omrede jy sy gewete wat swak is, seer maak en jy dan ook teen Yeshua Messias sondig (1 Kor. 8:12).

10. Paulus sluit sy vermaning af met die woorde:

Daarom, as voedsel my broeder laat struikel, sal ek in der ewigheid geen vleis eet nie, om my broeder nie te laat struikel nie. 1 Kor. 8:13

Dit is beter om jouself te weerhou van die skadelose praktyk van die eet van vleis wat aan afgode geoffer is, as wat jy dit doen en jou broer, wat nog nie tot hierdie geestelike insig gekom het nie, te laat struikel. Geestelike kennis moet ons altyd in liefde en met in agneming van ons medegelowiges toepas. Ons kennis moet tot stigting van medegelowiges dien en nie tot struikeling nie. Indien ons dit nie doen nie, is dit kennis wat ons hoogmoedig maak.

11. Dit is beter om myself te weerhou van die vryheid wat die waarheid my bied as om my reg tot vryheid uit te oefen en my medegelowige wie se gewete swak is tot struikeling te bring.

TEN OPSIGTE VAN 1 KORINTHIËRS 10.

1. In die lig van dit wat ons tot dusvêr geleer het, kan ons nou ook 1 Kor. 10:25 tot 33 verklaar. Ten opsigte van hierdie teksverse geld YHVH se voedselvoorskrifte van rein en onrein ook, want dit is, soos reeds verduidelik, YHVH se beslissing (standaard, vereiste).
2. Paulus verduidelik in verse 23 en 24 dat gelowiges wat die waarheid ken 'n groot mate van vryheid geniet omrede hulle weet wat YHVH se vereistes (voorskrifte) is. Dit is die waarheid wat elkeen vrymaak (Joh.8:32). Hulle moet egter nie net fokus op wat hierdie vryheid hulle toelaat nie, maar eerder op dit wat nuttig is en wat ander stig. Niemand moet sy eie voordeel soek nie, maar die voordeel van ander. Ons moet dus nie ons vryheid misbruik nie. Ons eie regte is nie al wat in ag geneem moet word nie (Gal. 6:2 – dra mekaar se laste).
3. Dan bevestig Paulus dat vleis wat aan afgode geoffer was, geëet mag word (vers 25 en 26), want in die openbare mark het hierdie vleis sy godsdienstige betekenis verloor, en verder nog is dit die gebruik om voor elke maaltyd die voedsel te seën met ondermeer die woorde uit Ps. 24:1, naamlik: *Die aarde behoort aan YHVH en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon.* Die afgodsverbintenis van die vleis is dus nie meer van toepassing nie. [Onthou: Die bedoeling met *eet alles wat in die slaghuis verkoop word*, is verwysend na alles wat rein is en wat moontlik aan afgode geoffer was].
4. Indien 'n ongelowige jou nooi vir 'n maaltyd kan jy alles (alles wat rein is) eet sonder om navraag te doen terwille van die gewete – al is dit vleis wat

aan afgode geoffer was (vers 27). Sou iemand egter vir jou sê dat dit deel van 'n afgodsoffer was, dan moet jy dit ter wille van hom wat dit te kenne gegee het en ter wille van sy gewete nie die vleis eet nie (vers 28 en 29). Die rede hoekom jy dit nie moet eet nie is dat die persoon wat jou ingelig het moontlik mag dink dat jy as gelowige die eet van afgodsoffers goedkeur en selfs deel het aan afgodsoffers. Dan sal dit wat jy doen nie tot stigting dien van die persoon wat jou ingelig het dat dit 'n afgodsoffer is nie – ongeag of hy 'n gelowige of ongelowige is. Hy mag selfs dink dat jy as gelowige beide YHVH en afgode dien.

5. Weereens is die kern van die saak dat die gelowige nie 'n struikeling vir ander moet wees nie (vers 32) en nie sy eie voordeel moet soek nie (vers 33). Die reg tot persoonlike vryheid moet altyd Vader-God verheerlik en tot stigting van ander dien (vers 31). Of ons dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van YHVH.

HALAL VOEDSEL

1. Die woord *Halal* (*Halaal*) is 'n Arabiese term vir enige voorwerp of handeling wat volgens Islamitiese wet toelaatbaar is. Die term word veral algemeen gebruik vir voedsel wat volgens Islamitiese voorskrifte geskik is as voedsel. Wat voedsel aanbetref is daar vele ooreenkomste tussen die Kosherwette (voedselvoorskrifte, *Kashrut*) van Judaïsme en die Halalwette van Islam. Hoewel sommige Moslems voedsel wat as Kosher gesertifiseer is ook as Halal sal beskou, sal Judaïsme nooit dit wat as Halal gesertifiseer is as Kosher aanvaar nie.
2. Sommige Christene beskou voedselprodukte wat die Halal-merk het as voedsel wat aan afgode geoffer is en sal daarom nie sulke voedselprodukte eet nie omrede hulle glo dat hulle sondig. Hierdie is dus 'n soortgelyke situasie onder vandag se Christene as wat in die tyd van Paulus die geval was. Streng gesproke is daar nie 'n fisiese daad van offer betrokke by die voedsel wat geslag, voorberei en vervaardiging word nie en wat dan as Halal gesertifiseer word. Baie streng vervaardigingsprosedures word wel onder toesig deur beide Judaïsme en Islam gevolg alvorens die owerhede van beide gelowe hulle goedkeuring sal verleen dat voedsel Kosher of Halal is. Hierdie prosedure kan wel sekere seëngede insluit waar die voedsel dan toegewy word aan YHVH (Judaïsme) of Allah (Islam).
3. In 'n sekere sin kan ons dus vleis, en ander voedselprodukte, wat die Halalgoedkeuring op die verpakking toon beskou as voedsel wat aan die afgode geoffer was. Ons weet egter dat dat daar slegs een ware God is en dat alle ander gode geen mag of gesag het nie. 'n Afgod is niks in die wêreld nie (1 Kor. 8:4). Soos die Psalmdigter dit beskryf:

Hulle afgode is silwer en goud, 'n werk van mensehande. Hulle het 'n mond, maar praat nie; hulle het oë, maar sien nie; ore het hulle, maar

hoor nie; hulle het 'n neus, maar ruik nie; hande, maar hulle tas nie; voete, maar hulle loop nie; hulle gee geen geluid deur hul keel nie. Die wat hulle maak, sal net soos hulle word – elkeen wat op hulle vertrou. Israel, vertrou op YHVH: Hy is hulle hulp en hulle skild! Ps. 115:4 tot 9.

4. Gelowiges mag dus voedsel met vrymoedigheid eet wat die Halalmerk het, mits daar steeds aan die vereiste voldoen word dat vleis en vleisbevattende produkte wel die van rein diere is. Paulus se vermaning geld egter ook vir ons vandag, naamlik om nie 'n struikeling te wees vir die gelowige wat 'n swak gewete het en glo dat voedsel met die Halalmerk aan afgode geoffer is en daarom nie geëet mag word nie.

Nota: Halalwette verbied ook die eet van varkvlies, maar nie al die ander diere wat in Lev. 11 en Deut. 14 beskryf word nie.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. In Les 1 van hierdie studie het ons in die lig van 1 Kor. 3:16 en 2 Kor. 6:16 die vraag gevra: *Is 'n gesonde leefwyse dan nie deel van die versorging van die liggaam as 'n tempel (tabernakel) van die Afgesonderde Gees nie? Is dit dan nie die mens se verantwoordelikheid om volgens YHVH se riglyne sy liggaam te versorg nie?* Die eintlike vraag is dus: *Het die mens die reg (vryheid) om te eet wat hy wil?* Die tabernakel is 'n afbeelding van en heenwysing na Yeshua Messias, maar ook 'n afbeelding van die gelowige in Yeshua. Was onrein diere in die tabernakel toegelaat? Kan ons, ons liggaam wat die tempel van die Afgesonderde Gees is, voed met onrein diere?

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.